2026
18 - 25 Okt

Eldo-Nuusbrief

Hiér maak JY saak

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

Gedagte vir die week



Bewaak jou mond! Spreuke herinner ons dat ons versigtig moet wees met wat ons sê. Ons moenie skinder of mense sleg sê agter hulle rug nie. Ons moet ook nie in die oomblik van woede of hartseer uitbarstings maak wat verhoudings seermaak nie. Ons moenie beloftes maak wat ons nie kan hou nie. Ons moenie jok en onwaarhede versprei nie. Ons moenie vloek en skel en so, jou en ander se gemoed suur maak nie. In kort, leef en praat so dat jou woorde liefde vir ander (en jouself) oordra. So, verkondig ons Koninkryk van God.

Spr 13:3 - Wie sy mond bewaak, beskerm sy lewe; wie sy lippe wyd oopmaak, vir hom wag daar ondergang.

Gebedsgedagte
God laat Hom vind

Vader God, daar is so baie belofte in hierdie teks. Help ons verstaan hoe om U aan te roep, hoe om te bid, hoe om U te raadpleeg, hoe om ons met ons hele hart voor U te verootmoedig - veral nou Here, waar dit eksamentyd raak, waar verkiesings oppad is, waar magsbeheptes stories maak, en waar onreg seëvier. Luister asseblief na die gebede van gelowiges en hoor ons Here, verander ons lot. AMEN



Jes 29: 12 Julle sal My aanroep , en kom en tot my bid, en Ek sal na julle luister. (13) Julle sal My soek en vind as julle My met julle hele hart raadpleeg. (14) Ek sal My deur julle laat vind," is die uitspraak van die Here, "en Ek sal julle lot verander..."

Wat gebeur alles die maand?

Eredienste:

Sondag 18 Oktober
09:00 Erediens
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 Erediens en Kleingroepe

Sondag 25 Oktober
09:00 Erediens (NAGMAAL)
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 Erediens (NAGMAAL) en Kleingroepe

Sondag 1 November
09:00 Buitelig Feesdiens
Geen Mini- en Eldo-Chomps diens agv Feesdiens
Geen Diens@6 agv Feesdiens




Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?

Kliek hier!

vir die Gespreksgids!



Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

Mini & Eldo-Chomps

Datums vir die Vierde Kwartaal:

18 Oktober - Kinderkerk
25 Oktober - Kinderkerk
1 November - FEESSONDAG
8 November - Afsluiting in die Chompssaal





Aandag alle Chompies:
Daar wag heerlike speletjies met pryse en hope
pret Saterdag 31 Oktober tydens die Miernes Mark.
Bring julle maatjies en kom speel saam!

CHOMPS

Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!



Diens@6 - 4de kwartaal





18 Oktober - Erediens en Kleingroepe - Ds Vuma kom kuier by ons.
25 Oktober - Erediens en Kleingroep Partytjies
1 November - Geen Diens@6 agv Kersmark
BUITELIG FEESDIENS 09:00
8 November - Diens@6 Oppidek
15 November - Diens@6 Oppidek
22 November - Kersfees-aand Oppidek
29 November - Diens@6 Afsluiting vir 2026

Gaan besoek ons Instagram-blad vir meer inligting!

1 Timoteus 4:12
"Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid."

Ander


GHOLFERS@ELDO

Maandag 16 Nov Kontak vir
Johan
072 174 3915
of Louis
082 783 7975
as jy kan kom saam speel.



EIKEHOUT SENIOR KLUB

Al die senior lidmate word hartlik uitgenooi na hulle jaarlikse afsluitings byeenkoms op 12 November. Dit gaan 'n heerlike kuier-oggend wees. **ALMAL IS WELKOM!**




ADORAMUSDIENS

Elke Dinsdagaand om 18:30.
Kom deel in die stilte.




BYBELSTUDIE



Elke Dinsdag 9:30
Elke tweede Donderdag 18:30
Kontak **Christiaan** of **Fanie** vir meer inligting.

HOBBY KLUB

Het jy 'n interessante "hobby"?
Dit sal wonderlik wees as jy vir ons daarvan kom vertel en vir ons kom wys.
Kontak vir
Ethel
082 444 0302



Eldoraigne Familiekerk is nou op Instagram!
Gaan volg ons deur HIER te kliek.

MANNE- EN VROUEBEDIENING

Dit is onder ons aandag gebring dat daar behoefte is aan 'n manne- en vrouebediening. Ons wil graag insette rakende dit hoor, vul dus asb die onderstaande Google vorm in.
Kliek **HIER**

Kantoor Kaskenades

My selfoon het so hard geval dat twee van my "contacts" in die hospitaal beland het.

Kerssangdiens Sondag 15 November

Wil jy dalk deel wees van hierdie pragtige en besondere gebeurtenis? Kom meld Sondag 18 November aan na die erediens in die kerk.








Kantoor rekenaar


Baie dankie vir al die bydrae tot die opgradering van die kerkkantoor rekenaar! Ons is nog in die proses om die rekenaar finaal te opgradeer. Ons sal julle ophoogte hou.



Dankbaar[10]

Dankbaar[10] is een van ons gemeente se groot fondsinsamelingsprojekte. Dit behels 'n ekstra bydrae tot kollekte (die oud 10de maand prinsiep).
Gebruik asseblief die verwysing *'Dankbaar10'* vir alle inbetalings.
Die projek sal loop tot aan die einde van die jaar.
Alle bydraes word waardeer!





Bybel 101!




Het jy geweet...

Stephen Langton, ou Aardsbiskop van Canterbury, het in 1204-1205 vir die eerste keer die Bybel verdeel in hoofstukke en verse (soos ons dit vandag het).


Is jy deel van 'n Omgeegroep? *Sluit aan!* en word vandag nog deel!

"Save the date"

24 Oktober
Pitkos




23 - 25 Oktober,
Lewensverryking
Huweliksvoorbereiding




29 - 31 Oktober
Miernesmark



15 November
Gemeente Potluck



13 - 16 November,
Lewensverryking
Enkel Seminaar



16 November
Gholfers@Eldo




Lewensverryking Seminare





Vir meer inligting, besoek hul webtuiste HIER, of kontak hulle by: 083 251 6725 / 087 095 0512



Hobby Klub

Op 8 Oktober het Vanessa Baumgarten by die Hobby Klub dames kom kuier. Sy het ‘n demonstrasie gegee oor essensiële olies en elke dame kon ‘n badproduk (badsout of scrub) maak.
Indien jy dalk meer inligting wil hê, kontak haar by 07885480166.





ELDO VOETSPORE DAGSTAPPE

Eldo Voetspore het ‘n heerlike stapoggend by Taroko staproetes gehad. Wat ‘n voorreg om so in die natuur te kan stap en kuier.
Indien jy meer inligting oor ons stappe wil hê, kontak Laetitia Marais by 083 606 4280.



Kosboks projek

Baie dankie vir almal se bydraes om ons kosboksprojek suksesvol te maak. Ons bokse is nou volledig!
Soos altyd is ons dankbaar dat die Here nog elke jaar voorsien het in hierdie behoefte.



Bring jou ou skoene en sit dit in die houers in die binnehof.
Dit word afgehaal, heel gemaak en aan haweloses uitgedeel.

SHOES 4 Souls

Kliek op die bo-staande skakel vir meer inligting.



Wil jy meer inskakel?

Raak Betrokke!

by ons Familie!


Wil jy graag deur een van die predikante besoek word?

Klik hier!


Vir die huisbesoek-versoekvorm



Miernesmark





Bring asseblief vir ons leë tunablikkies.



Die **SKOFLYSTE** is op teen die saaldeur - ons benodig 80 mense per dag!


DANKIE DAT JY HAND OPSTEEK - SAAM IS ONS BETER!





PANNEKOEK


Hou jy daarvan om pannekoek te bak? Skryf jou naam op die lys by die houtdeur en kom help ons by die Miernesmark om pannekoek te bak.



POEDING TAFEL

Die poeding tafel by die Miernesmark benodig verskeie items. Indien dit moontlik is om iets te skenk, skryf asseblief jou naam op die lys in die binnehof.





Onthou van ons Vrydagaand (30 Oktober) kuier en konsert by die Mark.

Vanaf 16:00 tot 20:00

Kostuin sal oop wees tot 19:30

KOM WEES DEEL VAN DIE PRET

Verjaarsdae vir die week

20 Okt
Thea Hamman
Elri jv Vuuren
Amanda Joubert
Henkie Lindeque
Lamay Malherbe
Brandt vd Walt

21 Okt
Marietjie Blignaut
Robin vd Merwe

23 Okt
Anrich Minnaar

24 Okt
Carel Fouche
James Pitout
Leah Theron



Baie geluk!

Nuwe Intrekkers

Welkom!



Weet jy van iemand wat nuut is, verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

Lief & Leed

Weet jy van enige lief of leed in die gemeente?



Skakel asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844 om die leraars in kennis te stel.

Het jy enige nood?

Laat weet ons

vir 'n gebedsversoek!



Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons

Dankie!

Hiér maak JY saak!

Terugvoer van die GR


BORG ‘n BOOM PROJEK

Verskeie bome op die kerkterrein gaan hierdie jaar nie weer bot nie. ☹️
Die bome is aangeval deur die uiters destruktiewe PSHB besie (Polyphagous Shot Hole Borer) wat in simbiose met ‘n fungus (Fusarium euwallacea), die boom se vog- en voedingskanale besmet, wat die boom laat sterf. Daar is tans géén bestrydingsmiddels teen hierdie plaag nie, en sodra ‘n boom geïnfesteer word, sterf dit binne ‘n baie kort tyd. Sodra al die dooie bome verwyder is - met groot dank aan Danie Rapp (wie aangebied het om dit kosteloos te doen!!) gaan ‘n BORG ‘n BOOM projek geloots word om die gapings wat in die tuin gaan ontstaan, met nuwe inheemse bome in te vul…
Hou hierdie spasie dop vir meer inligting oor hoe ons almal kan saamstaan & deelneem aan die herstel en omskepping van ons tuin in ‘n pragtige, skaduryke lushof!!









www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

Kontak ons

Eldoraigne Familiekerk
Bankbesonderhede

Bank: ABSA
Tak: Mall@Reds
Tjekrek: 3260140042
Takkode: 632005
Verwysing: Jou van en bv. "Dankoffer" of "Kollekte"

SnapScan

Is jy bewus van ons WhatsApp Community groep? As jy of iemand wie jy ken nie op die Eldo-Community groep is nie, laat weet die Kerkkantoor asb! Dit is ons hoof kommunikasie middel.

ELDORAIGNE
FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

Gaan "Like" ons op Facebook!

Gemeentekantoor ure:
Maandag - Vrydag: 08:30 - 12:30

NOMMERS
Tel: 068 031 8844

AANLYN
bedien@eldofam.co.za
www.eldofam.co.za

ADRES
Henriweg 1045,
Eldoraigne, 0157

Of stuur ons 'n epos na:
bedien@eldofam.co.za

Wil jy graag meer kontak met die leraars hê?



Christiaan Ackermann
Epos: christiaan@eldofam.co.za
Sel: 066 296 1650



Fanie Fourie
Epos: fanie@eldofam.co.za
Sel: 074 933 2000

Kontak ons

vir huisbesoek, 'n telefoon oproep of net gesprek!

Ondersteun asseblief ons adverteerders

Ondersteun asseblief Eldoraigne Familiekerk se koffieborg.





Kontak ons om jou besigheid hier te adverteer.



